

**GRONDWET
VAN AARTAPPELS SUID-AFRIKA VRYWILLIG**

2015

29 OKT. 2015 FINAAL

INDEKS

HOOFSUK EEN: DIE DOEL VAN DIE GRONDWET	4
HOOFSUK TWEE: NAAM VAN DIE ORGANISASIE.....	5
HOOFSUK DRIE: REGSTATUS.....	5
HOOFSUK VIER: DOELWITTE	5
HOOFSUK VYF: MAGTE VAN DIE ORGANISASIE.....	7
HOOFSUK SES: GESAGSLYNE.....	9
HOOFSUK SEWE: KONGRES.....	9
HOOFSUK AGT: NASIONALE RAAD.....	12
HOOFSUK NEGE: BESTUURSKOMITEE.....	21
HOOFSUK TIEN: NASIONALE VOORSITTER	22
HOOFSUK 11:STREEKSBESTUUR	25
HOOFSUK TWAALF: DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE.....	27
HOOFSUK DERTIEN:FUNKSIES VAN DIE SEKRETARIS	28
HOOFSUK VEERTIEN: FINANSIERING, BOEKHOUDING EN OUDITERING	29
HOOFSUK VYFTIEN: PROBLEEMOPLOSSING.....	30
HOOFSUK SESTIEN: ALGEMEEN.....	31
HOOFSUK SEWENTIEN: WYSIGINGS AAN DIE GRONDWET	32
HOOFSUK AGTIEN: ONTBINDING OF BEËINDIGING.....	32

WOORDBETEKENIS

Komitee	beteken enige komitee, sub-komitee, staande komitee, funksionele komitee, forum, werkgroep, ens., wat deur die Organisasie tot stand gebring word.
Kongres	beteken die hoogste gesag binne-in die Organisasie.
Afgevaardigde	beteken 'n aartappelprodusent wat genomineer word deur 'n nominasieliggaam of groepering, wat gemagtig is om afgevaardigdes aan te wys om vergaderings van die Kongres by te woon.
Boer	beteken 'n persoon of entiteit wie se hoofbesigheid primêre landbouaktiwiteit is.
Transformasie program	beteken enige program wat transformasie ten doel het en wat van tyd tot tyd deur die Organisasie ingestel word.
Bestuurs komitee	beteken die gesag wat namens die Organisasie optree wanneer die Nasionale Raad nie in sitting is nie.
Lid	beteken: <ol style="list-style-type: none"> 1. 'n aartappelprodusent wat verplig is om statutêre heffings te betaal ingevolge die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte 24/1996, of waar sodanige verpligting ontbreek, bereid is om die vrywillige heffings te betaal soos van tyd tot tyd deur die Kongres van die Organisasie bepaal word; en 2. kan óf 'n natuurlike persoon wees, óf 'n Trust/wetlike entiteit (soos verteenwoordig deur die genomineerde verteenwoordiger); en 3. wat die doelwitte van die Organisasie onderskryf.
Nasionale Raad	beteken die gesag wat namens die Organisasie optree wanneer die Kongres nie in sitting is nie.
Aartappelprodusent	beteken 'n boer wat aartappels vir die mark produseer: <ol style="list-style-type: none"> 1. vars aartappels (ook bekend as tafel- of eet-aartappels); of 2. vir verwerking; en/of 3. vir moere.
Organisasie Opkomende aartappelprodusent	beteken Aartappels Suid-Afrika Vrywillig.
aartappelprodusent	beteken 'n aartappelprodusent wat aan die Transformasieprogram van die Organisasie deelneem of vir deelname kwalifiseer.
Swart persoon/persone	swart persoon/persone soos gedefinieer in die Wet op Gelyke Indiensneming van 1996.
Produksiegebied	elk van die produksiegebiede van Sandveld; Ceres; Suid-Kaap; Suidwes-Kaap; Oos-Kaap; Noordoos-Kaap; Noord-Kaap; KwaZulu-

	Natal; Wes-Vrystaat; Oos-Vrystaat; Suidwes-Vrystaat; Mpumalanga; Limpopo; Noordwes; Gauteng en Loskopvallei; - bestaan uit die landdrosdistrikte soos aangedui in Bylae "A" hierby aangeheg, of enige ander produksiegebied wat deur die Organisasie geïdentifiseer mag word.
Noordelike streek	'n gebied bestaande uit die produksiegebiede van Limpopo, Mpumalanga, Gauteng en Loskopvallei.
Oostelike streek	'n gebied bestaande uit die produksiegebiede van KwaZulu-Natal, Oos-Vrystaat en Noordoos-Kaap.
Westelike streek	'n gebied bestaande uit die produksiegebiede van Noordwes-Kaap, Noord-Kaap, Wes-Vrystaat en Suidwes-Vrystaat.
Suidelike streek	'n gebied bestaande uit die produksiegebiede van die Sandveld, Oos-Kaap, Ceres, Suid-Kaap en Suidwes-Kaap.
Suidelike distrik	'n gebied bestaande uit die produksiegebiede van Wes-Kaap, Sandveld, Ceres, Suid-Kaap en Suidwes-Kaap.
Suid-Oostelike distrik	'n gebied bestaande uit die produksiegebiede van die Noordwes-Kaap en Oos-Kaap.
Oostelike distrik	'n gebied bestaande uit die produksiegebied van KwaZulu-Natal.
Sentrale distrik	'n gebied bestaande uit die produksiegebiede wat nie deel uitmaak van die Suidelike distrik, Suid-Oostelike distrik of Oostelike distrik nie.
Streek	die Oostelike, Westelike, Noordelike en Suidelike streke en/of enige ander streke soos deur die Organisasie geïdentifiseer.
Distrik	die Suidelike distrik, die Suid-Oostelike distrik, die Oostelike distrik en die Sentrale distrik of enige ander distrik soos deur die Organisasie geïdentifiseer.

HOOFSTUK EEN: DIE DOEL VAN DIE GRONDWET

- 1.1 Die doel van die grondwet is om:
 - 1.1.1 'n grondwet daar te stel vir die Organisasie as 'n vrywillige organisasie, nie vir winsbejag nie, wat deur sy lede besit word en ingevolge die grondwet daarvan tot stand gebring is as 'n wetlike entiteit;
 - 1.1.2 'n grondwetlike raamwerk daar te stel vir die implementering van strategieë op nasionale en streeksvlak, asook in die werkplek;
 - 1.1.3 'n raamwerk daar te stel vir die funksionering van 'n vrywillige verteenwoordigende outonome nasionale organisasie vir die aartappelprodusente van die Republiek van Suid-Afrika.

HOOFSTUK TWEE: NAAM VAN DIE ORGANISASIE

- 2.1 Die naam van die Organisasie sal wees Aartappels Suid-Afrika Vrywillig. Die Organisasie sal in Afrikaans bekend staan as Aartappels Suid-Afrika Vrywillig.
- 2.2 Die Organisasie het voorheen bekend gestaan as die Aartappelprodusenteorganisasie. Die Organisasie was voorheen in Afrikaans bekend as die Aartappelprodusenteorganisasie.

HOOFSTUK DRIE: REGSTATUS

- 3.1 Die Organisasie is 'n outonome gespesialiseerde organisasie, nie vir winsbejag nie, wat deur sy lede besit word en ingevolge die grondwet tot stand gebring is as 'n wetlike entiteit.
- 3.2 Die Organisasie is 'n vrywillige organisasie met 'n eie identiteit en bestaan geheel en al afsonderlik en verskillend van dié van sy ampsdraers, ongeag van enige veranderinge aan die samestelling van die lidmaatskap van ampsdraers. As sodanig mag die Organisasie in sy eie naam dagvaar of gedagvaar word en is in staat tot sy eie regte, verbintenisse en verpligtinge.
- 3.3 Die Organisasie is nie ingestel op winsbejag nie en die inkomste en eiendom van die Organisasie, waaruit dit ookal mag voortspruit, sal uitsluitlik aangewend word vir die bevordering van die doelwitte soos hierin vervat en geen gedeelte daarvan sal op watter manier ookal aan die lede van die Organisasie betaal, verdeel, versprei of direk of indirek oorgedra word nie. Desnieteenstaande kan niks verhoed dat redelike vergoeding betaal word aan enige ampsdraer van die Organisasie of aan enige lid daarvan in ruil vir enige dienste gelewer aan die Organisasie deur sodanige persoon in ooreenstemming met die doelwitte soos in die grondwet uiteengesit is nie.
- 3.4 Die Organisasie is nie op winsbejag ingestel nie en die inkomste en eiendom van die Organisasie, waaruit dit ookal mag voortspruit, sal uitsluitlik aangewend word vir die bevordering van die doelwitte hierin vervat en geen gedeelte daarvan sal op watter manier ookal aan die lede van die Organisasie betaal, verdeel, versprei of direk of indirek oorgedra word nie.

HOOFSTUK VIER: DOELWITTE

Die Organisasie het dit ten doel om die belange van die aartappelbedryf in Suid-Afrika te dien en dit sluit in, maar is nie beperk daartoe nie om:

- 4.1 vir die aartappelprodusent die beste moontlike ekonomiese en maatskaplike posisie in die Suid-Afrikaanse ekonomie te beding deur objektief te dien as die skakel tussen die Organisasie (produsente, hulle leiers en organisasie) en alle liggame (owerhede sowel as privaat), wat 'n invloed op die aartappelbedryf uitoefen;
- 4.2 te dien as die mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelprodusente;
- 4.3 deel te neem aan besluitneming en ander prosesse wat die belange van die aartappelbedryf raak;
- 4.4 deur gesamentlike optrede, die daarstelling te verseker van die nodige geriewe en dienste vir die aartappelbedryf en om die bedryf te organiseer en die nodige soorte dienste in ooreenstemming hiermee, daar te stel;
- 4.5 transformasieprogramme tot voordeel van die aartappelbedryf in te stel, insluitend, maar nie beperk nie tot opkomende aartappelprodusente;
- 4.6 die belange van swart aartappelprodusente (insluitend swart opkomende aartappelprodusente) te erken deur voorsiening te maak vir die belange van sodanige aartappelprodusente in die Nasionale Raad van die Organisasie;
- 4.7 solidariteit en 'n gees van samewerking en samehorigheid tussen alle belanghebbende partye in die aartappelbedryf te ontwikkel;
- 4.8 te streef na die doeltreffende produksie en bemarking van aartappels in Suid-Afrika;
- 4.9 enige besigheidsaktiwiteite of dienste te beperk tot sake en dienste wat die aartappelbedryf in Suid-Afrika bevorder;
- 4.10 enige besigheidsaktiwiteit of diens op sodanige wyse te struktureer dat finansiële belange en resultate deursigtig is en beskikbaar gestel word aan alle belanghebbende partye wat onafhanklik van die Organisasie bestaan;
- 4.11 die gekoördineerde mening van die aartappelprodusente aan die regering of ander owerhede of ander nie-regerings organisasies oor te dra en om op alle gebiede wat die welstand van die aartappelbedryf raak, met hulle saam te werk om probleme op te los en om die nodige wetgewing in werking te stel;
- 4.12 te streef na die stelselmatige ontwikkeling van 'n omgewingsvriendelike uitkyk van die aartappelbedryf, insluitend, *onder andere*, die bewaring van grond- en waterhulpbronne, die onderhoud en verbetering van grondvrugbaarheid en die verbetering van produksie- en bemarkingsmetodes;

- 4.13 optimale begrip tussen die aartappelprodusente en ander belangegroepes in die aartappelbedryf daar te stel, te bevorder en te handhaaf; en
- 4.14 om in ooreenstemming met die gestelde doelwitte, alle lede streng volgens meriete te behandel en nooit uit 'n partypolitieke standpunt op te tree nie.

HOOFSTUK VYF: MAGTE VAN DIE ORGANISASIE

- 5.1 Die Organisasie beskik oor alle sodanige magte wat nodig is om hom in staat te stel om sy doelwitte te bereik en sy pligte en werksaamhede uit te voer, tesame met sodanige magte wat ingevolge die toepaslike wette aan hom toegewys mag word. Daarby moet die Organisasie sy werksaamhede in ooreenstemming met hierdie grondwet uitvoer.
- 5.2 Onderhewig aan enige beperkings wat deur die toepaslike wette en hierdie grondwet ingestel mag word, mag die Organisasie enige van sy magte, verpligtinge of funksies aan sy lede, werknemers, komitees of die hoof uitvoerende beaampte delegeer, met dien verstande dat:
- 5.2.1 die Organisasie nie die volmag delegeer nie; en
- 5.2.2 enige delegering moet in die Organisasie se notules aangeteken word, dit moet skriftelik gedoen word en daar moet gespesifiseer word:
- Vir watter tydperk dit geldig is; en
 - watter beperkings of voorwaardes ten opsigte van die delegering van krag is.
- 5.3 Die Organisasie mag te enige tyd 'n delegering herroep of verander en dit mag enige besluit wat ten opsigte van die delegering geneem is, verander of ter syde stel.
- 5.4 Die Organisasie mag voortgaan om magte, pligte of werksaamhede wat gedelegeer is, uit te oefen of te volvoer.
- 5.5 Die Organisasie word steeds verantwoordelik gehou vir alle optrede tydens delegering.
- 5.6 Die Organisasie sal, vir die doeleindes van die bereiking van sy doelwitte en in die uitoefening van sy pligte en werksaamhede, sodanige komitees soos nodig geag vir hierdie doel, tot stand bring, met dien verstande dat besluite geneem deur sodanige komitees onderhewig is aan die goedkeuring van die Nasionale Raad voor uitvoering of nakoming daarvan, tensy die Nasionale Raad vooraf toestemming daarvoor verleen het. Die Nasionale Raad mag veranderings aan sodanige komitee aanbring of die verwysingsvoorwaardes herroep.

- 5.7 Nieteenstaande bogenoemde sal die Organisasie oor die gesag, bevoegdheid en mag beskik om –
- 5.7.1 roerende of onroerende eiendom te behou, te koop of op 'n ander manier te bekom, te verkoop, verhuur, te verpand en/of onder verband te bring, dit as sekuriteit aan te bied en/of om dit op enige ander manier te vervreem of om daarvan ontslae te raak en om enige werklike reg ten opsigte daarvan te gee of te bekom en om enige transaksie in die algemeen ten opsigte daarvan aan te gaan;
 - 5.7.2 geld of fondse tot sy beskikking te leen aan te bied en/of op enige ander manier by geregistreerde finansiële instellings te belê soos bepaal in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984 en in aandele soos genoteer op 'n gelisensieerde aandelebeurs soos beskryf in die Wet op die Beheer van Aandelebeurse, 1985 (Wetnr. 1 van 1985);
 - 5.7.3 bankrekenings te open, fondse te deponer, geld te leen, hetsy teen sekuriteit of nie en daarteen te onttrek of oortrek;
 - 5.7.4 wetlike prosedure in te stel en te verdedig en om enige dispuut vir arbitrasie voor te lê en regspraktisyns aan te stel en waar nodig te vergoed ten opsigte van sodanige wetlike handeling of arbitrasie en enige kommissie van ondersoek;
 - 5.7.5 donasies en/of bydraes van enige aard te ontvang en te aanvaar;
 - 5.7.6 ampsdraers en werknemers te vrywaar van enige verlies of skade wat in die loop van hulle dienstdoende mag voorkom en om bondstellingspolisse uit te neem vir persone wat met die Organisasie se geld werk;
 - 5.7.7 werknemers en raadgewers aan te stel en te ontslaan;
 - 5.7.8 persone in kontant te vergoed vir dienste aan die Organisasie gelewer;
 - 5.7.9 toelaes te betaal en pensioenskemas, winsdelingplanne en ander aansporingskemas tot voordeel van sy beamptes en werknemers daar te stel;
 - 5.7.10 koerante, tydskrifte, omsendbriewe en ander publikasies ter bevordering van die doelstellings van die Organisasie te subsidieer, te druk, drukwerk te bewerkstellig, te publiseer en te versprei;

- 5.7.11 'n gekoördineerde uitkyk van aartappelprodusente op sake rakende hulle belange aan die regering of ander liggame voor te lê en om met hulle saam te werk om probleme op te los en wetsontwerpe daar te stel en om verteenwoordiging op sodanige regerings- en ander liggame te bekom;
 - 5.7.12 sodanige organisasies te affilieer op onderling aanvaarbare voorwaardes soos deur die Kongres goedgekeur;
 - 5.7.13 aanbevelings aan die regering en ander liggame te doen wat verband hou met heffings aan alle aartappelprodusente vir doeleindes van transformasie, navorsing, generiese bemarking en inligtingsdiens of sodanige ander doeleindes soos deur die Uitvoerende Raad bepaal mag word; en
 - 5.7.14 indien dit nodig sou wees, lidmaatskapsgeld en/of vrywillige heffings betaalbaar aan die Organisasie, te bepaal.
- 5.8 Nieteenstaande enige teendeel daartoe, sal die Organisasie nie toegelaat word om enige transaksie aan te gaan waarvan die waarde die waarde van die Organisasie se bates op enige gegewe tyd oorskry nie, insluitend lidmaatskapsgeld van tyd tot tyd.

HOOFSTUK SES: GESAGSLYNE

- 6.1 Die gesagslyne van die Organisasie sal bestaan uit –
- 6.1.1 Kongres.
 - 6.1.2 Nasionale Raad.
 - 6.1.3 Bestuurskomitee.
 - 6.1.4 Streeksbesture wat namens die aartappelprodusente in 'n bepaalde produksiegebied kan optree in verband met sake wat die aartappelprodusente in een sodanige gebied beïnvloed. As die sake egter ook 'n uitwerking in ander produksiegebiede het, moet dit na die Nasionale Raad verwys word vir verdere optrede.

HOOFSTUK SEWE: KONGRES

7.1 **Gesag**

Die Kongres is die hoogste gesag in die Organisasie ten opsigte van strategiese beleidsake wat verband hou met die bedryf, sake van interne aard en die uitoefening van die magte en die administrasie van die Organisasie.

7.2 **Samestelling**

Die bestaande Nasionale Raad sal die aantal afgevaardigdes na 'n volgende kongres op die volgende basis bepaal:

7.2.1 'n Getal moet bepaal word bestaande uit afgevaardigdes uit die onderskeie produksiegebiede deur aan elke produksiegebied 'n aantal afgevaardigdes toe te wys pro rata met die totale produksie van daardie produksiegebied in verhouding tot die totale produksie van al die produksiegebiede saam, maar met dien verstande dat aan elke produksiegebied ten minste een afgevaardigde toegewys word.

7.2.2 'n Aantal swart lede met dien verstande dat ten minste een swart lid uit elke distrik genomineer sal word.

7.2.3 Ten minste een afgevaardigde wat die moerprodusente verteenwoordig en een afgevaardigde wat die verwerkingsprodusente verteenwoordig soos deur die Nasionale Raad genomineer.

7.2.4 Dat slegs hierdie afgevaardigdes stemreg het.

7.3 **Kworum**

Die helfte plus een van die bepaalde afgevaardigdes met stemreg wat die Kongres bywoon, sal 'n kworum vorm.

7.4 **Funksies van die Kongres**

Die funksies van die Kongres sal wees:

7.4.1 Die oorweging, bespreking en goedkeuring van die jaarlikse finansiële state, ouditverslag en verslag van die Nasionale Raad.

7.4.2 Die verkiesing van die voorsitter en die Nasionale Raad.

7.4.3 Die aanstelling van 'n ouditeur en goedkeuring van sy vergoeding.

- 7.4.4 Die afhandeling van enige ander sake wat vir oorweging deur die Kongres ter tafel gelê word.
- 7.4.5 Om die verteenwoordiger van die ouditkomitee aan te wys wat 'n lid van die Nasionale Raad sal wees.

7.5 Reëls van die Kongres

- 7.5.1 Die Kongres sal elke 2 (twee) jaar vergader op 'n plek en datum wat ten minste 90 (negentig) dae vooraf deur die Nasionale Raad bepaal is.
- 7.5.2 Die Organisasie sal aan elke liggaam of groepering wat afgevaardigdes mag nomineer, ten minste 60 (sestig) dae vooraf kennis gee van die datum en plek van die vergadering van die Kongres en die samestelling van die Kongres.
- 7.5.3 Ten minste 30 (dertig) dae voor die Kongres sal 'n lys van die name en adresse ten opsigte van elke nominasieliggaam en groepering by die hoofkantoor van die Organisasie beskikbaar wees, sodat indien 'n afgevaardigde weens onvoorsiene omstandighede afwesig sal wees, die bepaalde nominasieliggaam of groepering in die aanloop tot die Kongres, skriftelik 'n alternatiewe afgevaardigde kan nomineer.
- 7.5.4 Elke liggaam of groepering wat 'n afgevaardigde na die Kongres mag stuur, sal gemagtig wees om voorlopige voorstelle vir moontlike insluiting in die Kongresagenda voor te lê, met dien verstande dat –
 - 7.5.4.1 die voorlopige voorstelle die Organisasie ten minste 45 (vyf-en-veertig) dae voor die datum van die Kongres moet bereik of vroeër voor die vergadering van die Bestuurskomitee, wat as beplanningskomitee sal dien en van welke datum vooraf kennis gegee is; en
 - 7.5.4.2 alle voorlopige voorstelle moet na die Nasionale Raad verwys word of na die Bestuurskomitee indien die Nasionale Raad nie in sitting is nie.
- 7.5.5 Indien die meerderheid van die Nasionale Raad op 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering so besluit, sal 'n spesiale Kongres byeengeroep word, met dien verstande dat in elke geval behoorlik kennis gegee moet word, deur besonderhede van die doel, plek, datum en tyd van die spesiale Kongres ten minste 30 (dertig) dae voor die datum waarop die Kongres gehou sal word, te pos aan elke nominasieliggaam of groepering wat gemagtig is om afgevaardigdes aan te wys.

- 7.5.6 Stemming sal plaasvind deur middel van die opsteek van hande, met dien verstande dat die voorsitter mag bepaal of stemming oor 'n bepaalde saak deur middel van geheime stembriewe sal geskied en dit sal so gebeur indien ten minste 7 (sewe) afgevaardigdes wat persoonlik teenwoordig is, dit vereis, met dien verstande voorts dat indien 'n saak handel oor die verkiesing van 'n lid as die voorsitter van die Nasionale Raad, sal stemming deur middel van geheime stembriewe geskied nadat sodanige persoon sy of haar beskikbaarheid skriftelik bevestig het en die steun van ten minste twee sekondante geniet.
- 7.5.7 Die voorsitter van die Organisasie sal as voorsitter by die Kongres optree.
- 7.5.8 Verrigtinge by vergaderings sal geskied in ooreenstemming met die verrigtinge vir vergaderings van aandeelhouers soos bepaal deur die Maatskappywet van 2008.

HOOFSTUK AGT: NASIONALE RAAD

8.1 Samestelling van die Nasionale Raad:

8.1.1 Die Nasionale Raad sal soos volg uit die lede van die Organisasie saamgestel word:

8.1.1.1 'n Voorsitter, verkies deur die Kongres;

8.1.1.2 die hoof uitvoerende beampte, in 'n *ex officio* hoedanigheid, sonder stemreg op vergaderings van die Nasionale Raad;

8.1.1.3 9 (nege) lede soos volg:

8.1.1.3.1 3 (drie) uit die Noordelike streek bestaande uit:

8.1.1.3.1.1 2 (twee) van die Limpopo-produksiegebied soos genomineer deur die Limpopo-produksiegebied; en

8.1.1.3.1.2 1 (een) van óf die Mpumalanga-produksiegebied, Gauteng-

produksiegebied of Loskop-
produksiegebied soos verkies
deur die afgevaardigdes wat
daardie gebied by die
Kongres verteenwoordig;

8.1.1.3.2 2 (twee) uit die Oostelike streek bestaande
uit:

8.1.1.3.2.1 1 (een) van die Oos-Vrystaat-
produksiegebied soos
genomineer deur die Oos-
Vrystaat-produksiegebied; en

8.1.1.3.2.2 1 (een) van óf die KwaZulu-
Natal-produksiegebied of
Noordoos-Kaap-
produksiegebied soos by die
Kongres verkies deur die
verteenwoordigers van
hierdie twee gebiede;

8.1.1.3.3 2 (twee) uit die Westelike streek bestaande
uit:

8.1.1.3.3.1 1 (een) van die Wes-Vrystaat-
produksiegebied soos
genomineer deur die Wes-
Vrystaat-produksiegebied; en

8.1.1.3.3.2 1 (een) van óf die Noordwes-
produksiegebied, Noord-
Kaap-produksiegebied of
Suidwes-Vrystaat-
produksiegebied soos by die
Kongres verkies deur die
verteenwoordigers van
hierdie gebiede;

8.1.1.3.4 2 (twee) uit die Suidelike streek bestaande
uit:

8.1.1.3.4.1 1 (een) van die Sandveld-
produksiegebied soos
genomineer deur daardie
gebied; en

- 8.1.1.3.4.2 1 (een) van óf die Oos-Kaap-produksiegebied, Ceres-produksiegebied, Suid-Kaap-produksiegebied of Suidwes-Kaap-produksiegebied soos by die Kongres verkies deur die verteenwoordigers van daardie produksiegebiede;
- 8.1.1.4 1(een) verteenwoordiger van die moerkwekers wat die voorsitter van die Nasionale Aartappelmoerkwekerskomitee is;
- 8.1.1.5 1(een) aartappelproduserende verteenwoordiger uit die verwerkingsomgewing wat indien nodig, deur die Nasionale Raad genomineer is, as daar geen produsent is wat die verwerkingsomgewing verteenwoordig nie;
- 8.1.1.6 4 (vier) swart lede synde:
- 8.1.1.6.1 1 (een) uit die Suidelike distrik genomineer deur die swart lede van die Suidelike distrik;
- 8.1.1.6.2 1 (een) uit die Suid-Oostelike distrik genomineer deur die swart lede van die Suid-Oostelike distrik;
- 8.1.1.6.3 1 (een) uit die Oos-Kaap genomineer deur die swart lede van die Oostelike distrik;
- 8.1.1.6.4 1 (een) uit die Sentrale distrik genomineer deur die swart lede van die Sentrale distrik.
- 8.1.1.7 1 (een) lid soos genomineer deur die Kongres om as lid van die ouditkomitee te dien.
- 8.1.2 Tydens die konstituering van die Nasionale Raad, sal die volgende voorwaardes van krag wees;
- 8.1.2.1 Die voorsitter sal oor geen uitvoerende magte beskik nie en hy sal ook nêrens inskakel nie. Indien die voorsitter dus reeds 'n produksiegebied, streek of distrik in die Nasionale Raad verteenwoordig, sal 'n plaasvervanger vir daardie gebied, streek of distrik deur die streeksbestuur van die

betrokke produksiegebied aan die Nasionale Raad genomineer word in ooreenstemming met die voorwaardes van paragraaf 8.1.1.3;

- 8.1.2.2 Indien 'n lid van die Nasionale Raad sy lidmaatskap beëindig, sal hy onverwyld vervang word deur 'n nominasie deur 'n bepaalde streeksbestuur of soos deur die bepaalde nominasiesektor;
- 8.1.2.3 Indien 'n lid van die Nasionale Raad die produksie van aartappels staak, moet hy met onmiddellike effek bedank en sal hy onverwyld vervang word deur 'n nominasie deur die bepaalde streeksbestuur of deur die bepaalde nominasiesektor; en
- 8.1.2.4 Indien 'n lid van die Nasionale Raad die produksie van aartappels staak, moet hy met onmiddellike effek bedank en sal hy onverwyld vervang word deur 'n nominasie deur die bepaalde streeksbestuur of deur die bepaalde nominasiesektor; en
- 8.1.2.5 Lede van die Nasionale Raad sal hulle ampte beklee vanaf die afsluiting van die tweejaarlikse Kongres waar hulle verkies is tot met die afsluiting van die volgende Kongres; en
- 8.1.2.6 Indien nagelaat word om enige persoon ingevolge artikel 8.1 te nomineer of te verkies, beskik die Nasionale Raad oor die gesag om 'n lid van die Raad aan te stel.

8.2 **Magte en pligte van die Nasionale Raad**

Die Nasionale Raad sal as die hoogste gesag optree wanneer die Kongres nie in sitting is nie en onderhewig aan die beheer en algemene beleid van die Kongres, sal die Nasionale Raad, onder andere, oor die volgende magte en pligte beskik:

- 8.2.1 Al die magte van die Organisasie soos uiteengesit in paragraaf 5;
- 8.2.2 Om regulasies in te stel en te wysig met die doel om die Organisasie te bestuur en om dit vir goedkeuring aan die Kongres voor te lê.
- 8.2.3 Om die Kongres elke tweede jaar byeen te roep en aan die Kongres verslag te doen oor die aktiwiteite van die afgelope twee jaar.

- 8.2.4 Om die finansiële state van die Organisasie ten opsigte van die jare wat die Kongres nie in sitting was nie, te bekragtig.
- 8.2.5 Om uit eie geledere, lede aan te wys om as direkteure te dien op die Raad van Aartappels Suid-Afrika NPC (Registrasienuommer 2005/0304944/08).
- 8.2.6 Om vir die doeltreffende bestuur van die Organisasie, 'n hoof uitvoerende beampte aan te stel en die posisies van ander werknemers goed te keur waar nodig.
- 8.2.7 Om die Organisasie se algemene beleid te formuleer.
- 8.2.8 Om die Organisasie se jaarlikse begroting goed te keur.
- 8.2.9 Om die Organisasie se jaarlikse besigheidsplan goed te keur.
- 8.2.10 Om die dienste en/of bepalinge en voorwaardes van indiensneming van die hoof uitvoerende beampte en ander werknemers van die Organisasie te beëindig.
- 8.2.11 Om verteenwoordigers, agente en instellings daar te stel om bepaalde sake van die Organisasie te bestuur en te administreer teen vergoeding en op voorwaardes waartoe moontlik onderling deur die partye ooreengekom is.
- 8.2.12 Om komitees van die Raad tot stand te bring, soos 'n Ouditkomitee, 'n komitee vir Menslike Hulpbronne, 'n Bemerkingskomitee, 'n Navorsingskomitee, 'n Inligtingskomitee, 'n Transformasiekomitee en enige ander komitee wat noodsaaklik geag mag word om die doelstellings van die Organisasie te bereik of om die werksaamhede van die Organisasie uit te voer. Elke sodanige komitee wat op sy beurt onderhewig is aan sodanige voorwaardes soos bepaal mag word deur die Uitvoerende Komitee, mag ad hoc of sub-komitees in die lewe roep vir sodanige tydperke as wat nodig geag mag word om die doelstellings te bereik of enige werksaamhede van daardie komitee uit te voer soos vereis mag word vir die Organisasie om sy doelstellings te bereik soos in die grondwet uiteengesit. Wanneer enige komitee ingevolge die grondwet in die lewe geroep word, moet die Raad 'n opdrag daarstel wat, onderhewig aan die voorwaardes van die grondwet, die volgende sal omvat:

- 8.2.12.1 Die naam van elke komitee wat daardeur in die lewe geroep word;
 - 8.2.12.2 Lidmaatskap;
 - 8.2.12.3 Funksies;
 - 8.2.12.4 Tydperk van totstandkoming;
 - 8.2.12.5 Verantwoordbaarheid;
 - 8.2.12.6 Kworum;
 - 8.2.12.7 Befondsing;
 - 8.2.12.8 Verkiesing van voorsittende beampte;
- 8.2.13 Die aanstelling van tegniese en professionele raadgewers en beamptes sonder om stemreg te verleen om vergaderings van die Uitvoerende Komitee by te woon.
- 8.2.14 Om aanbevelings aan die Kongres te doen rakende wysigings aan die grondwet en regulasies.
- 8.2.15 Om aanbevelings aan die Kongres te doen rakende lidmaatskapsgelede en produsenteheffings.
- 8.2.16 Om nuwe lidmaatskapsaansoeke te oorweeg en goed te keur om lede se lidmaatskap te bepaal.
- 8.2.17 Om behoorlik notule te hou van vergaderings, vergaderings van die Kongres, enige buitengewone Kongresvergaderings, die Bestuurskomitee en komitees en werkgroepe.
- 8.2.18 Om bekwame amptenare aan te stel om die Organisasie op die rade of Raad van Direkteure van maatskappye en/of organisasies te verteenwoordig en om hulle dienste te beëindig.
- 8.2.19 Om die produksieneigings van die bestaande produksiegebiede te evalueer en nuwe ontwikkelende aartappelproduksiegebiede in Suid-Afrika te identifiseer en aanbevelings aan die Kongres te doen vir amptelike erkenning van sodanige gebiede en daarmee nuwe streke of distrikte en indien nodig, die kombinasie en/of afbakening van produksiegebiede, streke en/of distrikte.
- 8.2.20 Om deur die aangestelde Ouditkomitee verantwoordelik te wees vir die identifisering van risikogebiede en prestasieaanduiders ten opsigte van die Organisasie en dus die gereelde monitering van hierdie sake.

- 8.2.21 Om die nie-finansiële aspekte rakende die Organisasie te monitor.
- 8.2.22 Om deurlopend te bepaal of die Organisasie die tegniese vermoë het om geleenthede te benut en om met mededingers op dieselfde vlak mee te ding.

8.3 **Die magte en pligte van die individuele lede van die Nasionale Raad**

- 8.3.1 Die magte, pligte en verantwoordelikhede van lede van die Nasionale Raad teenoor die Organisasie, is individueel en gesamentlik, presies dieselfde as die magte, pligte en verantwoordelikhede wat die direkteure van 'n maatskappy onder die Suid-Afrikaanse reg teenoor daardie maatskappy het.

8.4 **Vergaderings van die Nasionale Raad**

Die Nasionale Raad sal ten minste twee keer per jaar vergader om sake af te handel.

8.5 **Verkieping van Voorsitter en Vise-Voorsitter**

- 8.5.1 Die voorsitter van die Organisasie, wat nie-uitvoerend is nie en nie verbonde is nie, sal by die tweejaarlikse Kongres deur die afgevaardigdes verkies word.
- 8.5.2 Die vise-voorsitter van die Organisasie sal deur die Nasionale Raad verkies word by die eerste vergadering wat ná die tweejaarlikse Kongres plaasvind.
- 8.5.3 Ingeval die voorsitter sy posisie delegeer, sal 'n nuwe voorsitter tydens 'n vergadering van die Nasionale Raad deur die Nasionale Raad verkies word op 'n basis van 'n absolute meerderheid en deur middel van geheime stemming.

8.6 **Stemming**

8.6.1 By alle vergaderings van die Nasionale Raad:

- 8.6.1.1 elke lid van die Nasionale Raad wat produsente of rolspelers verteenwoordig, sal een stem hê;
- 8.6.1.2 volmagstemme sal nie toegelaat word nie;

- 8.6.1.3 alle vrae sal deur 'n meerderheid stem beslis word. In geval van 'n gelyke aantal stemme, hetsy deur die opsteek van hande of per stembrief, sal die vergadering die saak bespreek en poog om ooreenstemming te bereik. Indien redelike ooreenstemming nie binne 'n aanvaarbare tydperk bereik kan word nie, sal die saak met behulp van die dispuutoplossingsprosedure in hoofstuk 15 beslis word;
- 8.6.1.4 alle vrae sal deur die opsteek van hande beslis word, tensy 'n stemming deur die voorsittende beampte van die vergadering of drie lede wat persoonlik teenwoordig is, vereis word (voor of met die aankondiging van die uitslae van die opsteek van hande). Die aandrang op stemming kan teruggetrek word;
- 8.6.1.5 tensy stemming só afgedwing word, kan die voorsitter van die vergadering afkondig dat 'n besluit geneem op grond van die opsteek van hande aanvaar is of nie aanvaar is nie of deur 'n bepaalde meerderheid aanvaar is of nie aanvaar is nie as afdoende bewys daarvan, sonder bewys van die getalverhouding van die stem wat ten gunste of teen enige sodanige besluit aangeteken is; en
- 8.6.1.6 Indien 'n stemming behoorlik afgedwing word, sal dit op sodanige wyse en óf dadelik óf na 'n pouse of verdaging geskied soos deur die voorsittende beampte van die vergadering bepaal word. Die uitslag van sodanige stemming sal geag word as die besluit van die Nasionale Raad. Stemopnemers sal aangewys word wat die uitslag van die stemming sal bepaal.

8.7 Kennisgewing van vergaderings

- 8.7.1 Vergaderings van die Nasionale Raad sal deur die Nasionale Raad belê word deur die uitreik van skriftelike kennisgewings wat nie minder nie as (21) volle dae voor die datum van die vergadering uitgestuur moet word.
- 8.7.2 Die kennisgewing sal kenmerkend wees van die dag waarvoor dit bedien word of geag bedien te word en van die dag waarvoor dit uitgereik word. Dit sal die plek, die dag, die uur en die sake van die vergadering spesifiseer en sal aan elke lid uitgereik word op 'n wyse waarvoor in hierdie grondwet voorsiening gemaak word.

- 8.7.3 'n Vergadering van die Nasionale Raad sal, nieëtaande die feit dat dit op korter kennisgewing byeen geroep is as wat in hierdie paragraaf bepaal word, geag word as behoorlik byeen geroep indien so daartoe ooreengekom word deur negentig persent van die lede.
- 8.7.4 Enige kennisgewing wat vereis word of toegelaat word om aan enige lede van die Nasionale Vergadering gegee te word ingevolge hierdie grondwet, sal op so 'n wyse en in ooreenstemming met die voorwaardes van hierdie artikel gegee word.
- 8.7.5 'n Kennisgewing sal deur die sekretaris uitgereik word aan enige lid van die Nasionale Raad, hetsy persoonlik, per faks of elektroniese pos of deur dit per pos te laat aflewer met 'n voorafbetaalde brief, geadresseer aan sodanige lid by die faks, elektroniese pos of afleweringsadres, wat die geval ookal mag wees, wat deur hom of haar aan die Organisasie verskaf is toe hy of sy 'n lid van die Organisasie geword het of by sodanige ander adres in die Republiek van Suid-Afrika waar hy of sy in kennis gestel kan word. Die Organisasie of by sodanige ander adres in die Republiek van Suid-Afrika soos deur skriftelik van tyd tot tyd deur hom of haar aan die Organisasie verskaf word.
- 8.7.6 Enige kennisgewing per pos sal geag word as afgelewer teen die vyfde dag ná die dag waarop die brief wat die kennisgewing bevat, gepos is. Kennis wat per faks of elektroniese pos geskied, sal geag word as afgelewer op die volgende besigheidsdag ná versending. Deur bewys te lewer dat die kennisgewing gepos is, sal voldoende bewys wees dat die brief wat die kennisgewing bevat, behoorlik geadresseer, voorafbetaal en gepos is. In die geval van 'n faks of elektroniese pos, sal dit voldoende wees as bewys kan word dat die kennisgewing aan die korrekte adres versend is.
- 8.7.7 Niks wat in hierdie grondwet vervat is, verbied die Nasionale Raad om 'n vergadering geheel en al deur middel van elektroniese kommunikasie te hou nie.

8.8 Afwesigheid van voorsitter

- 8.8.1 In die afwesigheid van die voorsitter, sal die vise-voorsitter as voorsitter optree en sal beklee wees met al die magte waarmee die voorsitter hom beklee. Indien albei afwesig is, sal die vergadering sy eie voorsitter verkies.

- 8.8.2 In die afwesigheid van sowel die voorsitter as die vise-voorsitter, sal die Nasionale Raad 'n voorsitter vir die vergadering verkies uit die lede wat by die vergadering teenwoordig is. Sodanige voorsitter sal optree met al die magte van die voorsitter waarmee hy bekleed is.

HOOFSTUK NEGE: BESTUURSKOMITEE

9.1 Samestelling van 'n Bestuurskomitee

- 9.1.1 Die Nasionale Raad mag 'n Bestuurskomitee verkies
- 9.1.2 Die Bestuurskomitee sal, tussen vergaderings van die Nasionale Raad, beskik oor die betrokke operasionele magte van die Nasionale Raad en mag die dienste van ander persone waar nodig bekom, met dien verstande dat alle besluite van die Bestuurskomitee vir bekragtiging na die volgende vergadering van die Nasionale Raad verwys sal word.
- 9.1.3 Die Bestuurskomitee sal vergader wanneer nodig om alle sake in belang van die Organisasie en in ooreenstemming met die grondwet te bespreek.

9.2 Lede

- 9.2.1 Die Bestuurskomitee sal bestaan uit;
- 9.2.1.1 Die voorsitter van die Organisasie;
- 9.2.1.2 Die vise-voorsitter van die Organisasie;
- 9.2.1.3 Die voorsitters van die Inligtings-, Navorsings- en Ontwikkelings-, Generiese Bemarkings- en Transformasiekomitees;
- 9.2.1.4 'n Lid van die Ouditkomitee (nie as voorsitter nie); en
- 9.2.1.5 Die hoof uitvoerende beampte wat 'n lid sonder stemreg sal wees.
- 9.2.2 Enige personeellid van die Organisasie van wie van tyd tot tyd verwag kan word om 'n vergadering van die Bestuurskomitee by te woon, sal geregtig wees om tydens die uitnodiging aan die voorsitter te praat, maar sal nie kan stem nie.

9.3 **Dienstermyn**

- 9.3.1 Die ampsdraers van die Organisasie sal die ampte as lede van die Bestuurskomitee beklee solank as wat hulle die posisie of amp beklee waarin hulle aangestel is. Die oorblywende lede van die Bestuurskomitee sal die ampte beklee vandat hulle verkies of aangestel word, tot met die afsluiting van die volgende tweejaarlikse Kongresvergadering van die Organisasie;
- 9.3.2 Ingevolge hierdie grondwet, sal die voorsitter van die Organisasie of sodanige persoon wat in die plek van die voorsitter waarneem by alle vergaderings van die Bestuurskomitee as voorsittende beampete optree.

9.4 **Stemming**

- 9.4.1 Die prosedure in artikel 8.6 wat op stemming by vergaderings van die Nasionale Raad van toepassing is, is ook van toepassing op vergaderings van die Bestuurskomitee.

9.5 **Kennisgewing van vergaderings**

- 9.5.1 Die prosedure in artikel 8.7 van toepassing op kennisgewings van vergaderings van die Nasionale Raad is ook van toepassing op vergaderings van die Bestuurskomitee.

HOOFSTUK TIEN: NASIONALE VOORSITTER

10.1 **Verkiesing van voorsitter**

- 10.1.1 Die Kongres sal 'n voorsitter uit die Kongreslede verkies deur middel van 'n absolute meerderheid, dit is meer as 50 % van die aantal stemme wat uitgebring word deur afgevaardigdes wat stemreg het en persoonlik by die Kongres teenwoordig is.
- 10.1.2 Die voorsitter sal as sulks dien tot met die afsluiting van die Kongres ná die een waartydens hy of sy verkies is.
- 10.1.3 Die voorsitter kan vir herverkiesing beskikbaar wees.
- 10.1.4 Al die afgevaardigdes wat by die Kongres teenwoordig is, sal deur middel van geheime stembriewe nomineer en stem.

- 10.1.5 Tydens die nominasie- en stemproses, sal die volgende reëls van toepassing wees, naamlik:
- 10.1.5.1 Daar moet ten minste 2 (twee) sekondante vir elke nominasie in elke kandidatuur wees;
 - 10.1.5.2 Indien meer as een persoon genomineer word en sodanige nominasie skriftelik aanvaar, sal deur middel van geheime stembriewe gestem word en indien 'n kandidaat 'n absolute meerderheid, dit is 50 % van die aantal stemme wat uitgebring word, behaal, sal hy verkose verklaar word;
 - 10.1.5.3 Indien niemand 'n absolute meerderheid behaal nie, sal die persone met die meeste stemme se name op 'n lys van kandidate gesit word vir 'n verdere stemming.
 - 10.1.5.4 Stemming op bogenoemde wyse sal herhaal word totdat 'n kandidaat 'n absolute meerderheid behaal, waarna hy/sy verkose verklaar word.
- 10.1.5 Indien 'n permanente vakature ten opsigte van die amp van voorsitter ontstaan, sal die vise-voorsitter die vakature vul tot die volgende Kongres plaasvind.

10.2 **Magte en pligte van die voorsitter**

- 10.2.1 Die voorsitter moet toesien dat die Raad ewewigtig optree soos uiteengesit in artikel 8.
- 10.2.2 Die voorsitter moet in staat wees om objektief op te tree in die daaglikse bedryf van besigheid deur toe te sien dat alle betrokke sake op die agenda voorkom en behoorlike voorkeur geniet.
- 10.2.3 Die voorsitter moet ook toesien dat alle raadslede so goed moontlik ingelig is oor enige saak waaroor 'n besluit geneem moet word.
- 10.2.4 Die voorsitter moet toesien dat lede van die Nasionale Raad ten volle deel het aan die beheer van die Organisasie.
- 10.2.5 Die voorsitter moet toesien dat nie-uitvoerende raadslede, waar van toepassing, nie slegs 'n moniteringsrol vervul nie, maar dat hulle ook 'n bydrae lewer tot die besigheidsbesluitneming van die Organisasie.
- 10.2.6 Die voorsitter se rol staan afsonderlik van dié van die hoof uitvoerende beampte van die Organisasie.

- 10.2.7 Die voorsitter moet sorg vir die daarstelling van basiese prioriteite, etiese waardes en beleid- en waarde-stelsels wat 'n omgewing van persoonlike betrokkenheid en toewyding meebring.
- 10.2.8 Die voorsitter is verantwoordelik vir die algemene leierskap in die Raad.
- 10.2.9 Die voorsitter is verantwoordelik vir die formulering van 'n jaarlikse werkplan vir die Raad om die Raad se werksaamhede gladweg te laat verloop.
- 10.2.10 Die voorsitter is verantwoordelik vir die gereelde beoordeling van die prestasie van die hoof uitvoerende beampte van die Organisasie.
- 10.2.11 Die prosedure by vergaderings en debatte sal volgens die diskresie van die voorsitter geskied. Sy beslissing is finaal, maar dit kan deur 'n meerderheidsbesluit van die vergadering ongeldig gemaak word.
- 10.2.12 Die voorsitter kan volgens sy diskresie verteenwoordigers van ander organisasies of enige persoon of persone op hulle versoek nooi of hulle toelaat om die Kongres of enige vergadering van die Bestuurskomitee by te woon en aan die besprekings deel te neem. Sodanige persone sal onder geen omstandighede toegelaat word om te stem nie.
- 10.2.13 Die voorsitter het ook die reg om enige persoon op enige ad hoc sub-komitee te koöpteer en om enige persoon te versoek om 'n vergadering van enige raad of komitee van die Organisasie by te woon en om die Raad of komitee dienooreenkomstig in te lig.
- 10.2.14 Die voorsitter sal oor oorwoë stemreg beskik maar nie oor beslissende stemreg nie, behalwe in 'n geval waar 'n besluit oor 'n bepaalde saak op daardie bepaalde vergadering geneem moet word.
- 10.2.15 'n Mosie oor watter stemme gelykop verdeel word, sal as verworpe geag word, behalwe in die geval waar 'n besluit oor 'n saak by daardie bepaalde vergadering geneem moet word en die voorsitter gee sy beslissende stem ingevolge artikel 10.2.15.
- 10.2.16 Indien die verkiesing van persone 'n gelykop uitslag oplewer, kan die voorsitter nie sy beslissende stem uitbring nie en die meerderheid sal besluit.

HOOFSTUK 11:STREEKSBESTUUR

11.1 Samestelling van Streeksbestuur

- 11.1.1 Elke produksiegebied, soos deur die Nasionale Raad geïdentifiseer en deur die tweejaarlikse Kongres goedgekeur, sal 'n verteenwoordigende Streeksbestuur volgens behoefte saamstel, wat binne die grondwet van die Organisasie moet funksioneer;
- 11.1.2 Streeksbesture sal elke twee jaar net voor die Kongres deur die betrokke produksiegebied aangestel word, met dienverstande dat die samestelling van die Streeksbestuur verteenwoordigend moet wees van die aartappelprodusente in die bepaalde produksiegebied;
- 11.1.3 Verteenwoordiging in sodanige Streeksbestuur geskied in ooreenstemming met die volgende maatstawwe:
 - (a) Geografiese verspreiding van die produsente;
 - (b) Getalverhoudings van produsente; en
 - (c) Produksie in die streke.

11.2 Magte en pligte van 'n Streeksbestuur

- 11.2.1 Die Streeksbestuur voldoen aan en/of verskaf die volgende dienste:
 - 11.2.1.1 Behartig die belange van al die aartappelprodusente in die betrokke produksiegebiede op plaaslike vlak, sowel as in die breër organisatoriese struktuur van die Organisasie;
 - 11.2.1.2 Administreer alle nominasies tot organisasies waar lede in die betrokke streeksbestuur setels het;
 - 11.2.1.3 Voer veldtogte vir die ontwikkeling van die aartappelbedryf, met inbegrip van die bewaring van die aardse en waterhulpbronne, die onderhoud en verbetering van grondvrugbaarheid en verbeterde produksie- en bemarkingsmetodes in 'n gebalanseerde boerderyskema;
 - 11.2.1.4 Streef daarna om samewerking en deelname ten volle uit te bou en om die betrokkenheid van alle produsente in hulle produksiegebied te verkry om 'n atmosfeer van 'n esprit de corps (samehorigheidsgevoel) in die hand te werk;

- 11.2.1.5 Vergader op 'n gereelde basis en neem besluite namens die aartappelprodusente rakende alle sake wat met aartappels verband hou in die betrokke produksiegebied en moet alle sake van nasionale belang vir koördinasie na die Nasionale Raad van die Organisasie verwys;
- 11.2.1.6 Volg markverwante produksie na en koördineer alle produksie- en markbeplanningaktiwiteite van die betrokke produksiegebied. Dit beteken die versameling en verspreiding van inligting aan alle rolspelers en besluitneming in die verband;
- 11.2.1.7 Bewerkstellig kommunikasie met ander produksiegebiede en organisasies op 'n gereelde basis om sake van onderlinge belang te bespreek;
- 11.2.1.8 Hou sy aartappelprodusente op die hoogte van alle sake wat die aartappelbedryf raak;
- 11.2.1.9 Streef daarna om samewerking en betrokkenheid deur alle verskaffers by sy aktiwiteite te betrek;
- 11.2.1.10 Stel komitees aan om bepaalde dissiplines in die betrokke produksiegebied te hanteer. Tipiese voorbeelde van sub-komitees is:
- Streeksbestuurskomitee;
 - Aartappelmoerkomitee; en
 - Aartappelnavorsingswerkgroep.
- 11.2.1.11 Bepaal die opdrag, verantwoordelikhede en verslagvlakke van die komitee en sien toe dat dit behoorlik funksioneer;
- 11.2.1.12 Sien toe dat administratiewe en sekretariële ondersteuning aan die produksiegebied verskaf word en evalueer dit ook voortdurend om toe te sien dat 'n optimale en kostedoeltreffende diens gelewer word; en
- 11.2.1.13 Hanteer alle sake objektief en op meriete; en
- 11.2.1.14 Wys afgevaardigdes uit daardie produksiegebied aan om die Kongres by te woon.

11.3 Die magte en pligte van die lede van die Streeksbestuur

11.3.1 Die magte, pligte en verantwoordelikhede van lede van die Streeksbestuur, individueel en saamgesteld, word uiteengesit in Aanhangel A van die Gedragskode.

11.4 **Stemming**

11.4.1 Die prosedure in artikel 8.6 wat op stemming by vergaderings van die Nasionale Raad van toepassing is, is ook van toepassing op vergaderings van die Bestuurskomitee.

11.5 **Kennisgewing van vergaderings**

11.5.1 Die prosedure in artikel 8.7 van toepassing op kennisgewings van vergaderings van die Nasionale Raad is ook van toepassing op vergaderings van die Bestuurskomitee.

HOOFSTUK TWAALF: DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE

12.1 Die Nasionale Raad van die Organisasie sal besluit en ooreenkom oor die diensvoorwaardes van 'n geskikte hoof uitvoerende beampte vir die Organisasie en van tyd tot tyd bepaal wat sy funksies, regte en pligte sal wees en hom daarin lei en toesig hou oor sy prestasie in die uitvoering van sy pligte.

12.2 Die voorsitter en hoof uitvoerende beampte sal ooreenkom oor 'n jaarlikse prestasie ooreenkoms, onderhewig aan ten minste twee oorsigsessies per jaar.

12.3 Die Menslike Hulpbronnekomitee sal die uitslag van die beoordeling van die prestasie van die hoof uitvoerende beampte tydens sy evaluering oorweeg.

12.4 Die hoof uitvoerende beampte moet alle vergaderings van die Nasionale Raad bywoon en sal dien as *ex-officio* lid van die Nasionale Raad.

12.5 Indien die hoof uitvoerende beampte om enige rede afwesig is of nie in staat is om die funksies wat aan hom toevertrou is, uit te voer nie, of as daar 'n vakature in die kantoor van die hoof uitvoerende beampte ontstaan, sal die Bestuurskomitee 'n beampte of persoon aanstel om as hoof uitvoerende beampte waar te neem totdat die hoof uitvoerende beampte in staat is om sy/haar pligte te hervat of totdat 'n hoof uitvoerende beampte aangestel word.

12.6 Die Organisasie mag, onderhewig aan die voorwaardes van die grondwet, persone as werknemers van die Organisasie aanstel om behulpsaam te wees met die uitvoering van die pligte van die hoof uitvoerende beampte.

- 12.7 Die hoof uitvoerende beampte is verantwoordelik vir die volgende:
- 12.7.1 Die ontwikkeling van strategieë wat die langtermyn oorlewing van die Organisasie in 'n mededingende omgewing sal verseker;
 - 12.7.2 Implementering, aanbevelings en gereelde terugvoer aan die Nasionale Raad ten opsigte van beleid, strategieë, doelstellings en sleutelinisiatiewe;
 - 12.7.3 Koördinasie van die aktiwiteite van die bestuurspan;
 - 12.7.4 Leiding aan die bestuurspan;
 - 12.7.5 Dit is die hoof uitvoerende beampte se plig om die besigheid te bedryf in ooreenstemming met die beleid en strategieë wat deur die Nasionale Raad van die Organisasie aanvaar word;
 - 12.7.6 Die prestasie van die Organisasie;
 - 12.7.7 Die instelling van gesonde korporatiewe beheer en die daarstelling van 'n kultuur van vinnige verandering, deursigtigheid, vernuwing, ondernemende denkrigtings en 'n hoë prestasievlak;
 - 12.7.8 Skep 'n omgewing van vooropgestelde doelstellings wat leierskap en doeltreffende beheer daarstel en organiseer om die Organisasie deur onsekere omstandighede te lei;
 - 12.7.9 Om die doelstelling te bereik van welvaartskepping in die aartappelbedryf, sal die hoof uitvoerende beampte 'n kultuur van 'n goed ingeligte Raad daarstel, handhaaf en ondersteun.

HOOFSTUK DERTIEN:FUNKSIES VAN DIE SEKRETARIS

- 13.1 Die hoof uitvoerende beampte sal 'n sekretaris vir die Organisasie aanstel om die statutêre pligte van die Organisasie uit te voer.
- 13.2 Die sekretaris sal toepaslik deur die Nasionale Raad bemaagtig word om die betrokke statutêre pligte uit te voer.
- 13.3 Die sekretaris sal verantwoordelik wees vir die daarstelling van die nodige riglyne aan die Nasionale Raad en sy lede oor die uitvoering van hulle onderskeie verantwoordelikhede.
- 13.4 Die sekretaris sal 'n leidende rol speel in die inlywing van nuwe en onervare lede van die Nasionale Raad.

- 13.5 Die sekretaris sal 'n betekenisvolle rol speel ter ondersteuning van die voorsitter en die hoof uitvoerende beampte, insluitend die byhou van notules.
- 13.6 Die sekretaris sal 'n sentrale bron van leiding en raad oor besigheidsetiek en goeie korporatiewe beheer daarstel; en
- 13.7 Die sekretaris sal aan die lede van die Nasionale Raad leiding verskaf ten opsigte van hulle pligte en verantwoordelikhede en hulle inlig oor die jongste en opkomende wetgewing.

HOOFSTUK VEERTIEN: FINANSIERING, BOEKHOUDING EN OUDITERING

14.1 Finansies van Organisasie

14.1.1 Die fondse van die Organisasie bestaan uit:

14.1.1.1 rente op beleggings;

14.1.1.2 donasies ontvang van enige persoon, liggaam, regering of administrasie; en

14.1.1.3 lidmaatskappgeld; en

14.1.1.4 enige ander geld wat uit enige ander bron ontvang is.

14.1.2 Geld waarna hier verwys word, kan by enige instelling belê word wat deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) toegelaat word, met inagneming van die belastingvrystellingstatus van die Organisasie.

14.1.3 Enige geld wat aan die Organisasie betaal word ingevolge donasies ontvang van enige persoon, liggaam, regering of administrasie, moet aangewend word in ooreenstemming met die voorwaardes, indien enige, wat deur die skenker van sodanige geld neergelê word.

14.1.4 Die voorsitter van die Nasionale Raad moet ten opsigte van elke finansiële jaar 'n staat van beraamde inkomste en uitgawe gedurende sodanige finansiële jaar aan die Nasionale Raad van die Organisasie voorlê, wat goedkeuring moet verleen aan die begroting vir:

14.1.4.1 die eerste finansiële jaar voor die eerste vergadering van die Organisasie; en

- 14.1.4.2 elke ander finansiële jaar voor die aanvang van sodanige finansiële jaar.

14.2 Boekhouding

- 14.2.1 Onderhewig aan enige riglyne deur die Nasionale Raad, is die hoof uitvoerende beampte verantwoordbaar vir alle geld wat ontvang word en betalings wat deur die Organisasie gemaak word.
- 14.2.2 Die rekenpligtige beampte is verantwoordbaar vir alle geld wat ontvang word en betalings wat deur die Organisasie gemaak word.
- 14.2.3 Die finansiële jaar van die Organisasie eindig op 30 Junie van elke jaar.
- 14.2.4 Die rekenpligtige beampte sal toesien dat rekord gehou word in ooreenstemming met algemeen aanvaarde boekhoudingsbeginsels wat noodsaaklik is om die stand van sake en die besigheid van die Organisasie op 'n billike wyse te weergee en om die transaksies en finansiële posisie van die Organisasie uiteen te sit.
- 14.2.5 Jaarlikse finansiële state moet ten opsigte van elke finansiële jaar voorberei word. Die staat moet bestaan uit:
- 14.2.5.1 balansstaat wat die stand van sake in die Organisasie uiteen sit;
 - 14.2.5.2 'n opgawe van inkomste en uitgawes aangegaan deur die Organisasie; en
 - 14.2.5.3 'n kontantvloei-inligtingstaat.

14.3 Ouditkomitee

- 14.3.1 Om te verseker dat die Organisasie te alle tye ten volle beoordeel kan word na aanleiding van sy ware finansiële posisie, moet hy, in ooreenstemming met die grondwet, 'n Ouditkomitee aanstel met bepaalde pligte soos aan hulle opgedra om 'n oudit op die rekenkundige rekords van die Organisasie uit te voer en om met sodanige tussenposes as wat nodig geag mag word, verslag te doen.
- 14.3.2 Die Ouditkomitee sal onder voorsitterskap staan van 'n nie-verbonde persoon wat oor geskikte kwalifikasies beskik.

HOOFSTUK VYFTIEN: PROBLEEMOPLOSSING

- 15.1 Enige persoon wat betrokke is by 'n dispuut rakende die toepassing of vertolking van hierdie grondwet moet die dispuut skriftelik na die hoof uitvoerende beampte verwys.
- 15.2 Die sekretaris van die Organisasie moet afskrifte van sodanige verwysing aan die voorsitter en lede van die Organisasie verskaf.
- 15.3 Die Organisasie moet poog om die dispuut op te los deur gebruik te maak van 'n interne oplossingprosedure en indien dit nie slaag nie,
- 15.4 moet die sekretaris, ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge, die dispuut binne 30 dae van die verwysing terugverwys na óf:
- 15.4.1 enige bemiddelaar of arbiter wat deur die Organisasie aangestel is om die dispuut by te lê; óf
- 15.4.2 die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie.

HOOFSTUK SESTIEN: ALGEMEEN

16.1 Regte en verpligtinge van lede

16.1.1 Elke lid het die reg om:

16.1.1.1 Oor enige saak by 'n vergadering aangehoor te word;

16.1.1.2 'n Eie mening te vorm oor enige saak wat by die vergadering bespreek word wat in die notule van die vergadering aangeteken word of in enige verslag of aanbeveling van die vergadering vervat word.

16.1.2 In ooreenstemming met die regulasies mag lede van die Organisasie en komitees wat deur die Nasionale Raad aangewys word, voltydse werknemers van die Staat uitgesluit, vergoeding eis vir hulle deelname in die Organisasie of sy komitees.

16.2 Verklaring van belange

16.2.1 'n Lid van die Organisasie van enige komitee of funksionele komitee van die Organisasie, wat direk of indirek belang stel in enige sake van die Organisasie of die komitee of die funksionele komitee waarvan hy/sy lid is of wat enige amp beklee of enige eiendom besit wat 'n botsing van pligte of belange kan veroorsaak, moet sodanige belange of potensiële konflik verklaar voor die

aanvaarding van enige amp of, indien enige sodanige konflik as gevolg van sy aanvaarding van die amp mag ontstaan, onmiddellik daarna.

- 16.2.2 Sodanige onthulling moet tydens 'n vergadering van die Organisasie, komitee of funksionele komitee gedoen word, waarna sodanige onthulling aan die volgende vergadering van die Organisasie gerapporteer sal word en in die notule daarvan aangeteken sal word.

16.3 **Vertroulikheid**

'n Lid of werknemer van die Organisasie of enige van sy komitees of funksionele komitees sal nie, terwyl hy of sy 'n lid of werknemer is, of daarna, enige inligting aan enige persoon bekend maak wat as vertroulik geklassifiseer is nie en wat hy of sy bekom het tydens die uitoefening of beoefening van enige plig ingevolge die grondwet en wat daarom as vertroulik beskou word in die Organisasie, of enige van sy komitees of funksionele komitees of enige ander lid of enige werkgewer of werknemer in die sektor of sub-sektor, wat die geval ookal mag wees.

16.4 **Dienstermyn**

- 16.4.1 Enige persoon wat 'n vergadering in meer as een hoedanigheid bywoon, sal geregtig wees tot die mate wat hy/sy geregtig is om te stem, om slegs een keer te stem.

HOOFSTUK SEWENTIEN: WYSIGINGS AAN DIE GRONDWET

- 17.1 Die sekretaris moet saam met die agenda van die Kongres, afskrifte van enige voorgestelde wysigings stuur aan alle lede wat die Kongres bywoon.
- 17.2 In alle gevalle moet daar ten minste 30 dae kennis gegee word van 'n vergadering waarop 'n wysiging aan die grondwet oorweeg sal word.
- 17.3 Die voorwaardes van die grondwet mag slegs gewysig word deur 'n besluit van ten minste twee-derdes van die lede teenwoordig by 'n vergadering van die Organisasie se Kongres.

HOOFSTUK AGTIEN: ONTBINDING OF BEËINDIGING

- 18.1 Die Organisasie kan ontbind word deur 'n besluit wat deur ten minste twee-derdes van die afgevaardigde lede geneem word by 'n spesiale Kongres wat met

die doel byeen geroep is en waarvan ten minste 45 (vyf-en-veertig) dae voor die Kongres kennis gegee is.

- 18.2 By likwidasië of ontbinding sal die oorblywende bates van die Organisasie oorhandig word aan 'n ander vereniging of organisasie wat 'n rolspeler in georganiseerde landbou is en wat dieselfde doelstellings as die Organisasie nastreef en wat ook vrygestel is van betaling van inkomstebelasting en belasting op skenkings, wat vir hierdie doel aangewys is deur die Nasionale Uitvoerende Raad. Indien geen sodanige aanstelling gedoen word nie, aan 'n vereniging of organisasie wat deur die hof aangewys is.